
SLAGOFFER VAN
DIE TOKKELOS
S.A.P
deur Gerrie Radlof
FRONKBOEKE
S·A·POLISIE-REEKS Nº 17.

## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| I | Die Tokkelos het Gewaarsku .. .. | 5 |
| II | Bloed op die Klipplaat .. .. .. | 18 |
| III | Die Bose Gees .. .. .. .. .. | 30 |
| IV | Die Tweede Slagoffer .. .. .. .. | 45 |
| V | Die Rotsstorting .. .. .. .. | 56 |
| VI | Krokodille in die Drif .. .. .. | 66 |
| VII | Plegtigheid in die Kloof .. .. .. | 79 |
| VIII | Die Ontvoering .. .. .. .. | 91 |
| IX | In die Grot .. .. .. .. .. | 98 |


HOOFSTUK I

## DIE TOKKELOS HET GEWAARSKU

HENNIE VERMEULEN skrik nie maklik nie. Toe die merrie skielik half onder hom wegsak en na die eenkant van die voetpad beur, ruk hy skerp aan die teuels en praat gerusstellend met die perd.

Maar sy oë flits deur die stikdonkterte om hom heen. Skuins links verbeel hy hom dat hy 'n beweging sien—'n gestalte wat gebukkend en soos 'n skaduwee oor die veld beweeg.

„Wie is daar?" roep hy hard uit.

Daar is geen antwoord nie. Dit is doodstil en hy hoor geen geluid van daardie kant af nie.

Hy swaai die geweer van sy rug af. Liggies trek hy die merrie in daardie rigting maar dan bedink hy homself.

Dit is sy grond, sy plaas hierdie, en hy sal graag wil weet wat so laat in die aand hier rond beweeg. Maar juis omdat dit so laat is, is hy haastig huis toe. Hy hou nie daarvan om ná skemeraand van die huis af weg te wees en sy suster daar alleen te laat nie. Santie kom maar een keer per jaar met vakansie huis toe en dit is asof sy in die stad geleer het om vir die veld en die donkerte bang te wees.

Hy tik die perd met sy hakke in die lieste. Hulle is nie meer te ver van die huis af nie en die dier ken elke tree van

die pad. Op 'n stywe galop ry hy aan maar onwillekeurig kyk hy 'n keer of wat oor sy skouer terug.

Hy voel skielik onrustig. Dikwels kom naturelle van naburige statte by sy plaasvolk besoek aflê en dit kon nou een van hulle gewees het op pad terug na sy stroois. Tog kan hy die gevoel van onheil nie van hom afskud nie. Dit is asof oë met vyandigheid en venyn op hom gevestig was.

Hy lag doelbewus en hard. Hy is kinderagtig. Hy kan nou selfs al die paar verligte vensters van die woonhuis sien. Dit is natuurlik maar sy besorgdheid oor Santie se veiligheid wat hom sulke gedagtes laat koester.

Hennie en Santie het hul moeder vroeg in hul lewe reeds verloor. Na matriek is hy na 'n landboukollege en sy tweelingsuster na Johannesburg om 'n sekretariële kursus te loop. 'n Jaar later is hul vader oorlede en het Hennie huis toe gekom om Boshoek oor te neem. Santie het aangebied om vir hom te kom huishou, maar Hennie het haar oorgehaal om haar kursus te voltooi en daarna het sy werk as 'n private sekretaresse gekry. Soms was sy lewe maar eensaam want die plase hier, digby die Betsjoeanalandse grens in die Wes-Transvaal is maar yl gesaai. Hy waardeer dit dat Santie haar vakansies steeds hier kom deurbring.

Meesal vergesel sy hom as hy die huis verlaat. Vandag het hy ver gaan draai en sy het tuisgebly. Hy weet dat 'n paar van sy beeste in die berge gekalwe het en hy het na hulle gaan soek maar kon hulle nie raakloop nie.

Hy is nog 'n hele entjie van die werf af toe sy twee wolfhonde hom blaffend tegemoet kom. Hulle spring teen die perd op maar die dier ken hulle goed en Hennie klop hulle teen die nek toe hy voor die agterdeur uit die saal swaai. 'n Jong Bantoe kom van die strooise af nadergedraf en neem die perd.



„Naand, Arrie," groet Hennie vriendelik. „Is die volkies almal terug?"

„Naand, my baas," antwoord Arries en Hennie kyk verbaas op toe hy hoor hoe bedeesd die Bantoe is. Die lamplig wat deur die bodeur van die kombuis val, is maar flou en hy kan die swart gesig voor hom nie duidelik onderskei nie.

„Is daar iets verkeerd?" vra Hennie vinnig.

„Nee, my baas," verseker Arrie hom. „Hulle het almal gekom."

„Het hulle niks gekry nie?"

„Ek . . . ek . . ."

„Wat makeer jou vanaand, Arrie?" roep Hennie effens ongeduldig uit. „Het julle weer dagga in die hande gekry?"

„Nee, my baas."

„Nou maar lei haar koud voordat jy haar in die stal sit," versoek Hennie sonder meer. Hy wil binne kom om hom te was en op te knap want hy voel honger. Hy kan môre by die volk uitvind of enige van hulle van die koeie of kalwers raakgeloop het. Hulle is partykeer ook so dom-onnosel dat 'n mens niks met hulle kan uitvoer nie.

Toe Arrie met die merrie wegstap, word Hennie skielik daarvan bewus dat hulle nie alleen is nie. Hy kyk op en vind die ou naturellekok se blik deurdringend op hom gevestig. Jantjie, wat in hul kombuis werk het vandat Henine sy verstand gekry het, staan met haar vet lyf net binnekant die kombuisdeur en staar hom stil aan.

Hennie haal sy skouers op. Hy verstaan die nasie nie aldag nie. Gewoonlik sou sy hom hartlik gegroet het en die deur oopgemaak het.

„Naand, Jantjie," roep hy uit onderwyl hy binnegaan en die onderdeur agter hom toestoot sodat die honde hom nie kan volg nie. „Wat is daar in die potte?"

„Naand, baas Hennie," antwoord Jantjie kalm, amper bedruk en sonder om haar aan sy opgewektheid te steur. „Die kos is klaar."

„Dis nie wat ek gevra het nie. Ek weet dit sal teen hierdie tyd gereed wees maar jy lyk so suur asof jy dit alles verbrand het. Wat gaan aan met julle vanaand?"

„Die Tokkelos het geloop, baas Hennie," deel sy hom sedig en met ontsag mee.

Hy steek vas. Hy kyk haar aan met 'n uitdrukking wat tussen verbasing en humor huiwer. Dan lag hy.

„Jy is so oud," roep hy uit, „en jy glo nog sulke kinderstories. Waar is die kleinnooi?"

„Die kleinnooi is in die sitkamer."

„Nou maar ek wil net was dan kan jy maar opskep."

„Baas Hennie," sê sy en haar stem klink so dringend ernstig dat hy by die deur omdraai en terugkyk. „Die Tokkelos het . . ."

„Kyk, Jantjie," keer hy haar nie onvriendelik nie. „Ek het vandag ver gery en ek is moeg. Ons kan netnou gesels oor wat die Tokkelos te sê gehad het." Hy stap in die gang af. Hy weet hoe bygelowig die Bantoe is maar 'n mens sal darem verwag dat iemand soos ou Jantjie, wat feitlik sy ma ook grootgemaak het en soos een van die gesin behandel is, teen hierdie tyd al daardie dinge ontgroei het.

Santie kom haar broer by die sitkamerdeur tegemoet. Sy soen hom liggies op die wang.

„Ek het jou nie gehoor aankom nie, Hennie," roep sy met haar silwerskone stem uit en haar sagte grys oë vonkel 'n verwelkoming. „Ek het voor die vuur gesit en droom."

„Hello, Santie," groet hy terug. „Ek is darem bly om iemand teë te kom wat nie soos 'n suurknol op my verskyning reageer nie."



Sy lag. Sy lei hom tot voor die vuur.

„Wie sit sulke gesigte op?" verneem sy vrolik.

„Nee, dit is sommer daardie Arrie—dit lyk my die klomp het weer 'n bietjie dagga iewers raakgeloop. Maar selfs ou Jantjie is vanaand befoeterd. Allerhande bog oor Tokkelosse."

„Wat sê sy?" vra Santie onderwyl sy hom meteens ernstig aankyk.

„Ek het nie gewag om te hoor nie," antwoord hy onverskillig. „As jy jaar in en jaar uit soos ek hier tussen hulle en feitlik saam met hulle lewe, sal jy jou later ook nie meer te veel aan sulke dinge steur nie. Kom ons vergeet dit. Hoe het dit vandag gegaan? Het jy jou baie verveel?"

Sy skud haar kop. Sy lag gelukkig.

„Glad nie," verseker sy hom. „Ek het 'n klomp van jou hemde teëgekom waarvan 'n paar knope ontbreek."

„Maar dit is gaaf." Hy stap deur toe. „Ek gaan my net was, dan kan ons lekker gesels."

In die badkamer wag Jantjie met 'n emmer warm water wat sy van die kombuis af gebring het. Aan haar houding kan hy sien dat iets ernstigs skeel—ernstig volgens haar opvatting natuurlik. Hy sug. Hy neem die emmer by haar en gooi van die water in die waskom.

„Nou vertel tog maar, Jantjie," berus hy hom in sy lot. „Wat sê die Tokkelossie?"

Sy houding bring haar blykbaar nie van stryk nie. Haar stem bewe effens toe sy antwoord.

„Baas Hennie maak grappies. Jy lag. Die Tokkelos is soos die tier en die krokodil—hy verskeur en hy maak dood."

„Het jy al gesien dat hy dit doen?" vra Hennie droog onderwyl hy sy hande bak en die lawende water teen sy gesig gooi.

„Nie gesien nie, baas Hennie. Maar gehoor—baie keer gehoor."

„Ek het ookal gehoor, maar nog nooit gesien nie. Ek glo wat ek sien. Vir wie wil die Tokkelos nou uitmekaar skeur?"

„Vir my, baas Hennie," antwoord sy oortuigend. „Vir my, as hy agterkom ek praat met jou."

Hennie snuif in die water. Dit is daarom dat dit so moeilik is om ooit iets uit die Bantoe te trek. Alewig leef hulle in die een of die ander vrees. As dit nie 'n gewetenlose toordokter is nie, dan is dit 'n tokkelos—of 'n ander skepping van hul bygeloof.

„Nou maar wat is dit wat jy nie vir my mag sê nie?" verneem hy nogtans aangesien sy belangstelling effens geprikkel word. Hoe min hy ook al vir hierdie soort onsin omgee, kan hy maar net sowel weet wat in die gemoed van sy werkvolk—en veral hierdie getroue ou siel—omgaan.

„Die Tokkelos soek die medisyne, baas Hennie."

„Is dit maar al? Waarom het jy hom nie van die pille daar in my kassie gegee nie?"

„Hy soek die groot medisyne." Sy aarsel. Die appels van haar oë is wit en groot. „Jy is my kind—jy is my wit kind," vervolg sy op haar eenvoudige manier, en soos altyd word hy getref deur die opregtheid waarmee sy haar gevoelens teenoor hom betuig.

„Ek weet, Jantjie. Ek weet nie wat ek sonder jou sou gedoen het nie."

„Dit is daarom dat ek praat, baas Hennie. Die Tokkelos soek die medisyne wat in jou is."

„In mý is?" Hy lag. Dit gaan darem nou te ver. „Watter medisyne is daar in my?"

„Die lewe," antwoord sy. „Die asem."



Hy is besig om sy gesig af te droog. Hy kan hom nie verbeel waar sy nou weer aan hierdie bogstories gekom het nie. Iemand moes seker—hy laat die handdoek sak en frons liggies toe hy skielik die donker gestalte daar langs die voetpad onthou.

„Wie was vanaand hier?" vra Jantjie.

Sy skrik. Sy deins effens terug.

„Hoe weet baas Hennie?"

„Hoe weet ek wat?" roep hy ongeduldig uit. „Ek wil net weet wie hier was en wat hy julle almal nou weer gestaan en wysmaak het."

„Dit was die Tokkelos, baas Hennie."

Hy gee hoop op. Hy hang die handdoek op en sug weer.

„En hierdie Tokkelos wil nou my lewe en my asem as medisyne gebruik. Wie is dalk siek? Wie het dit nodig?"

„Hy is 'n groot man, baas Hennie. Hy . . ."

„En net my medisyne is goed genoeg vir hom, nè?"

„Baas Hennie is die naaste witman."

„En wanneer gaan hulle die medisyne kom haal?" verneem hy effens spottend.

Sy sien dat hy haar nie ernstig opneem nie. Die uitdrukking van bedruktheid verlaat haar en angs kruip in haar blik.

„Baas Hennie moet weggaan. Baas Hennie moet vlug . . ."

„Kyk, Jantjie," keer Hennie haar streng. „Vergeet nou hierdie bog en bring die kos. As jy so bang is vir die Tokkelos moet jy vanaand maar in die kombuis slaap." Sonder meer stap hy uit en terug na die sitkamer toe. Hy verbeel hom dat hy haar saggies agter hom hoor kerm.

Santie merk dat hy effens onthuts is. Sy lig haar wenkbroue.

„Wat brom jy en ou Jantjie so daar in die badkamer?"

„Die arme skepsel is nou weer heeltemal behep met 'n Tokkelos of 'n ding. As ek my ook moet steur aan alles wat hulle verkondig, weet ek nie waar ek sal kom nie."

„Maar wat sê sy dan, Hennie?"

„Sy verwag . . . aag, dit is te belaglik vir woorde. Kom, vergeet dit."

„Maar ek sal graag wil weet, Hennie," hou sy vol. „Jantjie kom my nie voor as iemand wat 'n bohaai oor niks sal opskop nie."

„Dis hul ingebore bygelowigheid," werp hy terug. „Sy kan dit self nie help nie."

„Maar is jy nie dalk te ligsinnig nie, Hennie?" berispe sy. „Ek het al baie gehoor en gelees van die invloed wat die toordokters het en die eienaardige dinge wat hulle regkry. Ons aanvaar tog die bestaan van sekere onsigbare magte—telepatie, massa-hipnose, die werkdadiglike krag van geloof, goëlery word erken en bonatuurlike . . ."

„Jy vind dit in meer ontwikkelde gemeenskappe, Santie. Kyk—maar los dit eers. Hier kom Jantjie nou."

Die vet kok skuifel in die gang af. Haar oë is neergeslaan toe sy die groot skinkbord met kos op die klein tafeltjie langs hulle neersit. Santie het gereël dat hulle sommer daar voor die vuur sal eet. Sonder 'n woord verlaat sy hulle weer.

„Daar is iets wat haar verskriklik hinder, Hennie," sê Santie gedemp. „Nou moet jy my vertel wat sy te sê gehad het."

Hy trek die tafel nader. Hy stel meer in die kos belang.

„Volgens haar het daar vanaand 'n Tokkelos hier aangekom. Hy reken glo dat my lewe, my asem, soos Jantjie



dit noem, as medisyne vir die een of die ander belangrike sieke nodig is."

Sy antwoord nie dadelik nie. Haar grys oë is meteens bekommerd.

„Jou lewe!" roep sy sag uit. „Maar—dit klink asof hulle jou wil doodmaak."

„Kan jy nou sien," lag hy. „Dit is loutere onsin. Dit sal moord wees en moord is 'n ernstige saak."

„Maar hoe kan jy dit eenvoudig sommer so verwerp, Hennie?" verwyt sy hom besorgd.

„Maar my liewe mens, ons bly al jare hier. Af en toe het iemand in die omtrek al verongeluk—ander het van ouderdom doodgegaan—waarom moet ek my nou aan sulke stories steur?"

„Maar wat het Jantjie gesê? Wat het sy jou aangeraai?"

„Sy wil hê ek moet wegvlug." Hy sit die bord kos wat hy reeds opgeskep het neer, draai na haar en plaas sy hande op haar skouers. „Ek sê jou, Santie," sê hy ernstig. „Ek ken hierdie Bantoe—ek ken hulle heelwaarskynlik beter as hulleself. Kort-kort is daar maar sulke klein opskuddings—dit is deel van hul bestaan, vrees, bygeloof—dit is soos 'n godsdiens."

„Hoekom vind jy nie net by die ander volk ook uit nie?" versoek sy nogtans, maar hy skud sy kop.

„Hulle het hul kastige geheime," verduidelik hy geduldig. „Ek sal later wel agterkom wat aangaan, maar om nou vir die ander te loop sê dat Jantjie met my gepraat het sal die lewe vir haar maar bra onaangenaam maak. Vergeet dit nou net. Kom ons eet. Ek het vandag ver gery en daardie paar toebroodjies wat jy vir my ingepak het, was skaars genoeg vir 'n muggie."

„Het jy van die kalwers gekry?" vra sy en hoewel sy nog ongelukkig klink, voel hy darem verlig dat hulle van die onderwerp af is.

„Nee," antwoord hy. „Ek sal maar môre die hange daar na oom Albert se kant toe aanpak. Miskien het die bees nog op sý grond gaan kalwe. Jy het mos gesê jy ry môre saam," en toe sy knik, vervolg hy, „maar ek sal jou sê wat ons doen. Ek sal voordag al vertrek. Jy kan lekker laat slaap en dan gedurende die voormiddag oorry na tant Saartjie." Albert en Saartjie Rheeder is hul naaste bure en ongeveer 'n uur te perd na die westekant toe. „Julle kan mos lekker gesels en ek sal so na die middag daar uitslaan. As jy saam met my gaan, sal die dag vir jou te lank word. Dan kuier ons sommer môreaand daar."

Hierdie voorstel breek die spanning wat die vorige onderwerp in haar geskep het. Daar is 'n pad waarlangs sy met die vragmotor kan ry, maar hulle besluit dat sy te perd sal gaan omdat Hennie in elk geval met syne moet terugkeer.

Dit is net toe Jantjie later die skottelgoed kom haal en nadat sy weer in die kombuis terug is, dat Santie weer aan die Tokkelos-storie dink. Sy wil die onderwerp heropen maar Hennie skud sy kop. Sy versoek hom nogtans om tog versigtig te wees en hy stel haar gerus. Hulle gesels nog 'n rukkie en gaan dan inkruip.

Hennie maak nooit van 'n wekker gebruik nie. Die blote besluit dat hy die volgende dag 'n bietjie vroeër wil opstaan, is genoeg om te veroorsaak dat hy sy oë met die eerste hanekraai oopmaak. Sy verstand is dadelik helder en fris soos die gesonde oggendlug. Hy was en trek hom aan nadat hy eers die vuur in die stoof opgemaak en water opgesit het. Eers nadat hy sy eerste koppie koffie gretig gedrink het,



skreeu hy oor die werf op Jurie en Hans wat die vorige dag ook kalwers gesoek het. Hulle het maar 'n minuut of wat nodig om op te staan en skaars het hy twee bekers koffie vir die volk geskink of hulle verskyn by die agterdeur.

„Het julle gister toe iets gekry?" verneem Hennie nadat hulle môre gesê het.

„Ek het gesien dié spoor, my baas," antwoord Jurie. „Hy was nog nie lank daar nie, maar dit was laat."

„Waar?"

„Daar na my kant toe, my baas. In die kloof."

Sy kant toe is noordwaarts. Hy en Hans kom albei daar van Mafaku se kraal af—sowat vyftig myl van Boshoek se opstal. Daar is nie ander plase tussenin nie en Hennie het 'n hele paar van sy werkvolk daarvandaan gekry.

„Nou maar dan moet jy saamgaan en vir my gaan wys. Hoeveel spore was daar?"

„Nie baie nie." Jurie steek drie vingers op.

„Goed. Jy kan vandag maar hier bly, Hans. Arrie weet wat julle moet doen. Kry solank my perd."

Hy is besig om 'n tweede koppie koffie te skink toe Santie haar verskyning maak. Sy vryf nog die slaap uit haar oë.

„Dit is maar goed dat jy op is," sê Hennie geestig onderwyl hy nog 'n koppie van die rak afhaal. „Ek weet waar 'n paar van die koeie is, en sal dus seker maar laat namiddag eers by Kromkloof aankom." Hy vertel haar wat Jurie hom meegedeel het. „As ek dit nou nie vir jou gesê het nie, het jy jou weer dood bekommer."

„Ek het gisteraand skoon vergeet om vir jou padkos in te sit," antwoord sy asof sy hom skaars gehoor het.

„Ja-nee wat," roep hy uit onderwyl hy sy arm om haar skouer sit. „Ek bejammer die man wat joú eendag kry."